

Sy ewigdurende liefde

Die profeet Miga bring die boodskap van God aan sy volk voordat hulle in ballingskap gaan. Hulle hoor dit dus as belofte om in hulle nood daaraan te kan vashou. Ook vir ons geld dit. Ons weet egter nog meer. Ons weet ook hoe hierdie belofte al vervul is toe Jesus Christus in Betlehem gebore is om sondaars te verlos. Van Betlehem loop sy pad deur vernedering uit op verskriklike lyde en 'n gewelddadige dood. Daarna volg sy verhoging en verheerliking.

Hierdie besondere weg van verlossing, waarin God al sy liefde aan mense bewys, is egter nie 'n impulsiewe daad van God nie. Dit gebeur nie maar net omdat alles in sy skepping so skeef geloop het nie. Inteendeel, dit is die vervulling van die ewige raadsplan van God. Die Drie-Enige God het in sy ewige raad besluit om te red: Die Vader kies sy kinders uit; die Seun bied Homself aan om deur lyde die verkiesingsbesluit tot werklikheid te bring; en die Heilige Gees onderneem om die verlossing aan God se uitverkorenes te skenk met wedergeboorte en geloof. Dit het in sy ewige raad al gebeur.

"Sy dae is uit die voortyd..." ja, voordat die berge gemaak is. Voordat iemand geskep of gebore is, toe het Christus Homself al daartoe verbind om deur vernedering en lyding heen die verlossing te bring.

Sal Hy wat ons van die ewigheid af so lief het ons nou loslaat? Sal Hy nou skielik moeg word vir ons net omdat ons sulke slegte sondaars is? As ons wel so dink, is dit net omdat ons nie 'n benul het wat ewigheid beteken nie. Ons kan so ver dink as sewentig of tagtig of selfs negentig jaar. Ons sukkel om die ewige liefde van God te verstaan. Ewigheid is nie maar net 'n lang tyd nie. Ewigheid het nie 'n begin of einde nie! Sy liefde is daarom 'n ewige liefde. Van ewigheid tot in alle ewigheid! Sy liefde vir sy kinders is ewigdurend. Daarom kan u Hom op sy woord neem: "Ek sal jou nie begewe of verlaat nie" en ... niks maar niks kan ons ooit skei van die liefde van God wat daar in Jesus Christus is nie.

Ds. M. van Helden (Centurion)